Druppels

Waterval Gemeente

Maart 2021

`n Verhouding met Jesus

Jesus het nie net aarde toe gekom om vir ons die kans te gee om vir ewig te lewe nie. Hy het ook aan die kruis gesterwe en die sleutels van die doderyk teruggeneem sodat ek en jy hier op aarde `n lewe van oorwinning kan lewe. Dit kry ons reg deur `n lewende verhouding met Hom te hê. Dit is deur daardie lewende verhouding wat bewerkstellig word deur Heilige Gees, wat ons die antwoorde kry om daagliks in oorwinning te lewe. `n Kind van God wat in so verhouding staan sal vrede ervaar al gaan hy deur storm op sy lewenspad.

Waterval se eerste dameskuier

En so word daar gekuier... Dames het die 30ste Maart lekker saam gekuier en ook geleer om proteas te vou uit ou boeke en natuurlik heerlike eetgoed geniet.
Baie dankie vir elkeen se bydra en teenwoordigheid en ons glo die damesoggend sal van krag tot krag gaan.
Hiermee wil ons graag elke dame van die gemeente, vriende en familie uitnooi om saam te kom kuier.
Volgende kuier word beplan vir Saterdag, 1st Mei en ons hoop dan om `n vol saal dames te hê.
Henriette

Snap here to pay

SnapScan

Gemeente Kontakbesonderhede
Posbus 442, Bergbron, 1712
Hv Longweg en 11de str, Newlands
011 4778534
waterval@absamail.co.za

BANKBESONDERHEDE
ABSA , Waterval Gemeente NPC
Tak: Northcliff 334705 Rek nr: 4099924637

BEDIENINGE

Kerkkantoor	011 4778534
Musiekbediening@Waterval	
Pieter Kruger	083 443 7694
Jeugbediening	
Renaldo de Buys	072 920 5896
Besige Bye	
Ralie van Heerden	083 788 2317
Diens van Barmhartigheid	
Thys du Preez	073 166 7465
Redakteur (Druppels)	
Pierre Swart	pierreswart@xsinet.co.za

Om SnapScan te kry:

1. Download die App op jou foon vanaf die App Store. Dis gratis.
2. Jy moet ‘jou besonderhede voltooi soos bv naam, van, epos adres, selfoon nommer ens.
3. ‘n Debiet- of Kredietkaart moet gekoppel word aan jou profiel. Die app maak dit maklik deur dat jy op die app ‘n foto neem van jou kaart en hy voltooi self meeste van die besonderhede. Die 1 of 2 ander goed sal die app vra.
4. Jy moet ‘n pin kode kies wat met elke betaling ingesleutel moet word.
5. Daarna is jy reg om die app te begin gebruik.

Om SnapScan te gebruik:

1. Open jou SnapScan App.
2. Onder in die middle van die skerm is ‘n knoppie vir ‘n kamera. Klik op dit. Dit sal lyk of jy foto wil neem.
3. Neem Waterval se QR kode af en dit neem jou direk na Waterval se besonderhede.
4. Vul ‘n bedrag in en kies betaal. Sleutel jou pinkode in.
5. Die bedrag sal dan outomaties vanaf jou rekening betaal word na Waterval.
6. Indien dit ‘n verwysing vra kan jy jou naam en van gebruik of slegs sê donasie/kollekte of nvt net soos jy verkies.

Daar kan ook ‘n link via WhatsApp of SMS gestuur word wat jou neem na Waterval se besonderhede op SnapScan waar jy dan ‘n betaling kan maak. Die betaling stappe is verder dieselfde enigste verskil is jy klik op die link in plek van die foto neem van QR kode

Geelbladsye

B&H Draughting Services.

Vir alle “AD-HOC” Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D
Ek werk op AutoCAD of MicroStation.
Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:
Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.
Jy het ‘n ideë van wat jy wil hê, ek ondwerp en bou hom.
Kontak:
Bennie Badenhorst
Selfoon. 084 3601253
E-pos. bhdraughting@gmail.com

Hand Breiwerk
Dames wat met die hand brei is dringend gesoek om te brei van die huis af.
Wol en patrone word verskaf. Goeie betaling vir werk.
Kontak Rika by 082 4819001

Eiers beskikbaar
Hilda 074 408 0392



Ben Jonker
083 4904143
Herstelwerk en diens van voertuie

VUURSPEL HOUT

Hout te koop

Sekelbos -	Klein sak	@R20
Black Wattle -	Groot sak	@ R80
	Klein sak	@ R20

Kontak Thys du Preez – 073 166 7465

Op ligter trant

Geen verskoning – Sondag

Om dit vir almal moontlik te maak om volgende Sondag se kerkdiens by te woon, gaan ons `n spesiale “Geen verskoning-sondag” hê.
Daar sal beddens in die voorportaal wees vir diegene wat sê: Sondag is die enigste dag om laat te slaap. Daar sal `n spesiale deel wees met leunstoele vir die wat voel die kerkbanke is te hard. Oogdruppels sal beskikbaar wees vir die met moeë oë na Saterdagaand se laataand fliek op TV. Komberse sal beskikbaar wees vir die wat dink die kerk is koud en waaiers vir diegene wat altyd warm kry. Tellingkaarte sal beskikbaar wees vir die wat wil telling hou van hoeveel skynheiliges teenwoordig is. Familie en vriende sal beskikbaar wees om die te gaan help wat nie kan kerk toe kom en nog middagete ook kook nie. Daar sal selfs `n spesiale area wees met bome en gras vir diegene wat graag God in die natuur wil ontmoet. Dokters sal beskikbaar wees as iemand beplan om Sondag siek te wees. Daar sal ook gehoorapparate beskikbaar wees vir die mense wat nie die predikant kan hoor nie en watteplui sies vir die wat kan.
Uit die “Joyful Noiseletter”

Kinders

2. DIE BELYDENIS VAN PETRUS

Skriflesing: Matthéüs 16:13 - 18

Matthéüs 16:16 U is die Christus.

Wat was Petrus se ander naam? _____

Verbind die kolletjies en teken die visse in die net.



Seën deur ‘n vlieg

‘n Ier was baie lief was vir musiek, het eenmaal een van John Wesley (‘n gewilde prediker) se dienste bygewoon net om na die singery te luister. As Roomse Katoliek wou hy egter niks met die preek te doen hê nie, daarom het hy na die sing van die eeste paar liedere sy ore toegestop met die doel om hulle toe te hou tot die volgende lied gesing sou word. Met sy hoof vooroor gebuig en sy vingers in sy ore het hy daar gesit. Maar as God met ‘n siel wil praat, gebruik Hy soms wonderlike en eenvoudige middele.

Terwyl die man daar sit, kom ‘n lastige vlieg op die punt van sy neus te lande. Net een oomblik het hy sy hand weggeneem om die vlieg te verdryf en in daardie oomblik het hy tien woorde gehoor, naamlik: “As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor.” Van daardie oomblik af het hierdie man wat ‘n kroegbestuurder was, geen rus vir sy siel gehad nie. Ten einde raad het hy na die dienste toe teruggegaan en met volle aandag na die evangelie boodskap geluister. Die gevolg was dat hy kragdadig tot bekering gekom het, Het u al Sy stem gehoor? “Hoor / Luister en u siel sal lewe.

Jesaja 55:3 Bron: Wegwyser na die Ewigheid. (Eerste druk 1954)

<u>As jy die aankondigings in die kerk hoor sal jy skaars jou ore kan glo:</u>

Vir alle ma`s wat babas het en dit nie weet nie, daar is `n moederskamer langs die kerk.

Die blomme in die kerk sal geskenk word aan iemand wat siek is na die diens.

Volgende Sondag se predikant is in die konsistorie opgeplak.

Kom gerus na ons basaar as jy niks aanhet nie en deel in die pret.